## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com

**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com

**Koster**
Elize Oosthuizen
060 884 4756

**Facebook:** NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
**Webblad:** suidpuntngkerk.co.za

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Tina | de Beer | 08/23 |
| Irene | Maree | 08/23 |
| Laverne | Spangenberg | 08/23 |
| Sonja | Swart | 08/23 |
| William | Flack | 08/25 |
| Jackie | Stelma | 08/25 |
| Heinie | Conradie | 08/26 |
| Marli | de Beer | 08/27 |
| Jannetta | van Zyl | 08/27 |
| Anneke | Kloppers | 08/28 |
| Babsie | vd Vyver | 08/28 |

**NAGMAAL - NOODSPENS**

Bring asb op Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toilet-ware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons noodspens.

**Blabse in Kerkafkondigings**

Die Weight Watchers-groep vergader Dinsdagmiddag om 14h00 in die saal. Gebruik asb die dubbeldeure by die syingang!

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

23 Augustus 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 23/08**
9h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Kategese
Spesiale Kollekte
Bybelgenootskap
**Dinsdag**
10h00 Angs-en Depressiegroep
**Woensdag**
17h00 Gebedsgeleentheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
Hoenderbraai
19h00 Jeugfunksie

**Sondag 30/08**
10h00 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale Kollekte
Herberg Kinderhuis

Met die naderende verkiesing en die die onrus in die wêreld is gebed uiters noodsaaklik. Daarom nooi ons u uit na die gebedsgeleentheid Woensdagaand, 26 Augustus, om 17h00 in die NG Suidpunt kerkgebou.

**Jeugfunksie: Minute-to-Win-It:**
Graad 5 tot 12 Welkom.

**DEUROFFER - BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is betrokke by baie aktiwiteite. Hulle doel is om die Bybel te versprei regoor Suid-Afrika en oor die wêreld en om die Bybel so bekostigbaar moontlik te maak sodat elke persoon 'n Bybel kan besit. Hulle streef daarna om die Bybel toeganklik te maak deur dit in verskillende formate aan te bied, selfs deur middel van 'n Bybel app. wat jy op jou foon kan aflaai in jou eie taal. Aangesien Augustus Bybelmaand is, is daar van 3 tot 31 Augustus 'n spesiale aanbod, vir solank as wat voorraad hou, waar jy tot 65% afslag per Bybel kan kry. As jy jou woordeskat van 'n vreemde taal wil uitbrei, koop gerus 'n Bybel in daardie taal. Lees net hoe mooi klink Die Here is my herder. Ek kom niks kort nie, in Frans: L'Eternel est mon Berger, je ne manque rien. (Letternel ê mô bergê zjhuh nuh maank reë).

**Raad vir ekologies sinvol leef. Nommer 1**

Binnebrandmasjiene soos in ons voertuie, gebruik tot dubbel die hoeveelheid brandstof wanneer die masjien koud is. Beplan dus jou daaglikse ritte so dat dit so ver moontlik aaneenlopend is. Dit maak ekologies en ekonomies sin!
Ds. Peet Crous.

**Teksvers:** Mar16 : 15. Hy het vir hulle gesê: " Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."

## Ons bid vir...

1. Ds. Franziska wat die predikantebyeenkoms op Goudini van Maandag tot Vrydag gaan bywoon. Mag sy dit baie leersaam, verrykend en genotvol vind.
2. Die hoenderbraai van Vrydag ten bate van sendingwerk onder die Maasai in Kenia deur die Brinks.
3. Die kattebakverkoping Saterdag wat 'n deel van die fondsinsameling vir ons Diens van Barmhartigheid is.
4. Almal wat by die Bybelgenootskap werk: vertalers, predikante, administratiewe personeel en andere.
5. Ontvanklike harte vir die Woord en die wil en vermoë om volgens die Bybel te lewe.

### DANKIE VIR:

1. Reën en die vooruitsig van goeie oeste in die Overberg en die voorreg om in hierdie mooi deel van ons land te mag bly.
2. Die Bybel in Afrikaans. Soveel blootstelling aan die Bybel deur middel van eredienste en sosiale media.
3 'n Geseënde fondsinsameling vir ons gemeente by wyse van die verkope van wegneemetes. Projekte & Funksies het onder leiding van Annamarie Judd laasweek 'n wins van R4 660.34 getoon .

## Vir ons kinders

### MARY JONES & HAAR BYBEL

Ons het al hierdie storie gedeel. Kom ons deel dit weer ter wille van ons maats wat bygekom het. Mary Jones is in 1784 in Wallis gebore. Wallis is 'n land in die Verenigde Koninkryk in Wes-Europa. Sy het 6 jaar lank gespaar vir haar eie Bybel. Sy het hout opgetel vir vuurmaak, 'n baba opgepas, eiers verkoop en gedoen wat sy kon om geld bymekaar te maak vir haar eie Bybel. Toe Sy 16 jaar oud was, in 1800, het sy kaalvoet na Bala geloop. Haar skoene was in haar drasak. Sy wou hulle spaar, want sy moes 42km (26 myl)ver stap om by eerwaarde Thomas Charles wat Bybels gehad het in Bala uit te kom. Daar aangekom, sê die eerwaarde toe dat al die Bybels in sy kas alreeds vir ander mense belowe is. Hy het nie 'n spaar Bybel om vir Mary te gee nie. Mary was so teleurgesteld, dat eerwaarde Thomas Charles toe tog een van die Bybels aan haar verkoop het. Mary was so bly, want nou hoef sy nie net te probeer om al die Bybelstories wat hulle dominee Sondae in die kerk gelees het te onthou nie. Sy hoef ook nie ver te stap na hulle buurvrou om een maal per week daardie tannie se Bybel te kan lees nie. Sy kon nou elke dag, enige tyd haar eie Bybel lees! As gevolg van Mary Jones se moeite en vasberadenheid om haar eie Bybel te koop, het eerwaarde Thomas Charles toe by sy kollegas gepleit vir bekostigbare Bybels wat vertaal moes word in die mense se eie taal en wat versprei moes word. In 1804 is die Britse & Buitelandse Bybelgenootskap gestig. Dit lei tot talle ander Bybelgenootskappe wêreldwyd, ook in Suid-Afrika.

## Doen & Deel

### LENTEBASAAR - 26 September

Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ***allerleitafel***. Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets. Moenie die boeke en goeie tweede-kansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons ***opwipwinkel*** in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word (Di-Do. van 8h00 tot 12h00).

**Kry solank resepte uit vir lekker koek, terte, beskuit en ander eetgoed en onthou die poedings!**

### HOENDERBRAAI - Vrydag 28 Augustus

Bestel lekker hoender en slaai by Johan Hattingh. Dit kos R60 per porsie. Poeding @ R15. Jy kan dit van 17h00 tot 18h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontak Johan betyds by 083 286 3976 as jy wil bestel. Fondsinsameling vir Kenia.

### 80 - Plussers Tee

Woensdag, 16 September, word al ons 80 - Plussers met hulle gades uitgenooi na 'n tee om 10h30 in Struisbaaikerk. Dr. Marianna Pietersen is die gasspreker. Sy praat oor Tydlose Breingesondheid. RSVP teen 9 September om te bevestig of u dit sal bywoon. Kontakpersone is: JAKKIE - 0823794342, Kerkkantoor - 0284356789 of Tertius Groenewald - 0827732437. *U kan vir enige van hulle laat weet of u kom.*

## Doen & Deel

### CAR BOOT SALE - 29 Augustus

Op Saterdag, 29 Augustus, hou ons weer 'n CAR BOOT SALE (vanaf 09h00, op die parkeerterrein by STRUISBAAI se KERK). ALLE items is welkom, van klere, beddegoed, tot kombuisware. As jy goed wil verkoop vir jou eie sak, is jy meer as welkom. Dan betaal jy R50 vir 'n staanplek en die geld gaan vir Diens van Barmhartigheid. Kontak Marietjie Hansen by 084 408 9472 as hulle jou moet help met 'n tafel. Bring dan net jou eie kleingeld en plastieksakke saam.



Skenk asseblief enigiets wat jy nie meer wil hê nie vir ons wit-olifanttafel. 'n Goeie riglyn is om iets te skenk waarvoor jy nie skaam is om vir 'n vriend te gee nie. Dit kan ornamente, kombuisgoed, speelgoed, speletjies, gereedskap, linne, lampskerms, kleintoestelletjies wat nog in 'n werkende toestand is, geskenke wat jy nie benut nie, iets uit jou stokperdjies wees......selfs huisraad. Gee dit asb.by die Kerkkantoor af - Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00 of kontak Elize Oosthuizen by 060 884 4756. Hoe lyk dit? Dalk het ek iets moois wat jy graag wil hê, of andersom! Dis 26 September LENTE-BASAAR ... Laat ons tafel BLOM!

**Boompies by L'Agulhas:** Die jong boompies is nog broos en moet dus asb gekonsidereer word wanneer ons parkeer, Indien u 'n stuk skadunet het wat ongebruik is, skenk dit asb vir ons sodat ons die boompies kan toespan.